



Tel: 028 8401120
E-Pos: info@vilko.co.za
Web: www.villiersdorpko-op.co.za

NUUSBRIEF - APRIL 2017

95 JAAR OUD

Op 8 April 1922 het daar iets besonders in Villiersdorp gebeur en ek wonder hoeveel van ons lede sal weet dat dit die dag is waarop Villiersdorp Koöperasie amptelik geopen is deur die destydse speaker van die Volksraad, Mnr Joel Krige. Die eerste Direksie was Mnre AS Roux (voorsitter), AS du Toit, FP van den Berg, CF Zimmerman, FK Siebrits en HC Viljoen met Mnr CC Jooste die Algemene Bestuurder.

Ons het dit goed gedink om die lede en algemene publiek te herinner aan ons 95 ste bestaansjaar. Ons gaan ook op 28 April so 'n bietjie vertel van ons besigheid se geskiedenis in die Landbou Burger en verder gaan ons 'n spesiale promosie laat loop by al ons takke gedurende April en Mei om dankie te sê aan alle kliënte vir die ondersteuning wat ons oor dekades heen geniet het. Vir die Villiersdorpers wat op 7 April by die tak 'n draai kan maak, is daar ook 'n verrassing.

Die destydse doel met die totstandkoming van Die Villiersdorp Moskonfyt en Vrugte Koöperasie was om die lede se druiwe tot soetmos of moskonfyt te verwerk en te bemark. Die naam is later verander na Villiersdorp Koöperasie en was vrugte gedroog en het 'n handelsafdeling ontstaan om in die noodsaaklike boerdery benodigdhede van die lede te voorsien.

Vandag is die wynkelder gevestig in 'n aparte maatskappy en funksioneer Villiersdorp Koöperasie hoofsaaklik as 'n Handels Koöperasie waar lede hul insette kan bekom om 'n vrugte oes voort te bring.

Van 'n nederige begin het ons vandag 'n voetspoor in die vrugte produserende areas van die Overberg en Boland streke van die Wes Kaap. Ons Handelstakke te Villiersdorp, Vyeboom, Greyton en Ceres is strategies geplaas om in die behoeftes van hoofsaaklik die vrugteboere te voorsien.

Die koöperatiewe ondernemingvorm is deur die direksie behou terwyl baie landbou besighede in veral die laat negentigs omgeskakel het in maatskappye met aandeelkapitaal. Vandag is Villiersdorp Koöperasie deel van slegs 'n handjievol Landbou Koöperasies in Suid Afrika wat behoue gebly het. Daarom is ons 95 ste bestaansjaar nog meer 'n mylpaal en dink net oor 5 jaar is ons 100 jaar oud!

OPGRADERINGS

Ons handelstak by Villiersdorp se opgradering is amper afgehandel en kan die lede alreeds 'n verbeterde inkopie ervaring beleef. Ons gaan nog bietjie aan die beligting verstel, oorhoofse aanwysingsborde aanbring asook 'n aanpashokkie by die klerasie afdeling oprig. Die kliënte behoort baie vinnig aan die nuwe uitleg gewoond te raak. Baie van die werk is deur ons eie personeel gedoen oor naweke wanneer die tak toe was en wil ons spesiaal dankie sê aan elkeen wat van sy vrye tyd opgeoffer het. Ook 'n spesiale dank aan die lede vir hulle geduld tydens die opgraderingsfase. Onder is 'n paar fotos van die nuwe uitleg van die tak.

Die Ingang



Die Kasregisters



By die Vyeboom Tak is die stoor wat ons vir Intelligro oprig ook fluks aan die vorder. Die struktuur staan al maar die vloer moet nog gegooi word. Die terrein is ook gelyk gemaak en die vierkant by die tak is ook in proses om toegebou te word sodat die tak vergroot kan word om in die groeiende behoeftes van die lede te voldoen. Aangheg is ook 'n paar fotos om die vordering te toon.

Sy-aansig van die nuwe stoor by Vyeboom



Die Vierkant word toegebou



Ons wil graag aan al ons kliënte 'n Geseënde Paastyd toewens en sterkte met die laaste deel van die oes. Onthou asb net dat al die Vilko takke, soos in die verlede, gesluit sal wees op Saterdag 15 April (dit is die Saterdag van Paasnaweek).

Vilko Groete
Ben Klindt
April 2017